



2021
REKENINGKUNDE
GRAAD 11
KONTROLE TOETS DRIE
TYD: 1.5 UUR
23 SEPTEMBER 2021

INSTRUKSIES EN INLIGTING

- 1 Jy word voorsien van 'n vraestel en 'n antwoordboek
- 2 Hierdie vraestel bestaan uit DRIE verpligte vrae.
- 3 Maak gebruik van die voorgestelde tydsindeling.
- 4 NIE- programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
- 5 'n BLOU/SWART PEN mag gebruik word
- 6 Toon berekeninge om deelpunte te verdien

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYDS- INDELING
1	Kontantbegroting en Geprojekteerde Inkomstestaar	25	23
2	Kontantbegroting	62	55
3	Voorraadstelsels	13	12
TOTAAL		100	90 minute

Hierdie vraestel beslaan 6 bladsye

VRAAG 1: KONTANTBEGROTING EN GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT
(25 punte; 23 minute)

1.1 KONSEPTE VAN BEGROTINGS

- 1.1.1 Verduidelik die verskil tussen 'n kontantbegroting en die geprojekteerde inkomstestaat. (2)
- 1.1.2 Noem twee uitgawes wat nie in die Kontantbegroting, onder betalings, sal voorkom nie. (2)

1.2 KONTANTBEGROTING EN GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT

Die onderstaande inligting is ten opsigte van Majozi Winkels. Hul finansiële jaar eindig op 30 Junie 2021.

OPDRAG

Teken die transaksies in die toepaslike blokke, vir die Kontantbegroting en Geprojekteerde inkomstestaat, vir die maand geëindig 31 Julie 202, aan. (21)

Voorbeeld: 'n Bedrag van R2 200 vir munisipale belastings vir Julie 2021, sal aan die einde van die maand aan die Munisipaliteit van Johannesburg oorbetaal word.

	JULIE 2021			
Nr.	Kontantbegroting		Geprojekteerde Inkomstestaat	
	Ontvangste	Betalings	Inkomste	Uitgawes
Voorbeeld		R2 200		R2 200

TRANSAKSIES:

- 1.2.1 Die verwagte kontantverkope vir Julie 2021 word op R90 000 geraam. Die winsgrens is 60% op kosprys.
- 1.2.2 Huurinkomste vir die jaar beloop R72 000, huur sal op 1 Julie 20121 met 10% verhoog.
- 1.2.3 Goedere word in Junie op krediet verkoop vir R60 000. Debiteure sal na verwagting in Julie betaal en sodoende korting van R3 000 ontvang.
- 1.2.4 Op 1 Julie 2021 sal R9 000 tov. 'n 6-maande advertensie kontrak betaal word.
- 1.2.5 'n Ou skootrekenaar sal in Julie teen 'n verlies, aan 'n werknemer verkoop word vir R1 800. Die kosprys van die rekenaar was R8 000 en die opgehoopte waardevermindering beloop R5 500.
- 1.2.6 'n Paalement van R8 450 op die lening sal op 25 Julie 2021 betaal word. R450 van die bedrag is vir rente op die lening.
- 1.2.7 'n Versekeringspremie van R2 500 per maand, sal na verwagting vanaf 1 Julie 2021, met 10% daal.

VRAAG 2: KONTANTBEGROTING**(62 punte; 55 minute)****PHAKISO HANDELAARS**

Jy word voorsien van die onvolledige Kontantbegroting van Phakiso Handelaars vir die tydperk 1 Julie 2021 tot 31 Augustus 2021. Die onderneming word deur M Phakiso besit.

OPDRAG:

- 2.1 Bereken die kredietverkope vir Junie 2021 en voltooi daarna die Debiteure-invorderingskedisule vir Augustus 2021. (8)
- 2.2 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur 'n vraagteken, in die kontantbegroting en neem ook die bedrae in die inligting verskaf, in ag. (40)
- 2.3 Verwys na **Inligting E en M**. Die werkers is ontevrede met die verhogings wat hul in Augustus 2021, sal ontvang. Hulle dreig die bestuur met stakings indien daar nie aan hul griewe gehoor gegee word nie.
- 2.3.1 Gee TWEE redes waarom die werkers ontevrede is. Gebruik syfers of aanwysers om jou antwoord te staaf. (4)
- 2.3.2 Met verwysing na die kontantbegroting, verduidelik waarom jy met die loon verhoging wat deur Phakiso aangebied word, sal saamstem. Verskaf **EEN** punt. (2)
- 2.4 Beantwoord die volgende vrae met verwysing na **INLIGTING A**:
- 2.4.1 Phakiso het besluit om handelskorting in Julie 2021 aan spesiale kliënte te verskaf.
- Volgens jou, het dit die onderneming bevoordeel? Verskaf syfers om jou antwoord te staaf. (2)
- 2.4.2 Lewer kommentaar op die beheer oor die volgende uitgawes. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf en verskaf EEN punt van advies in ELKE geval.
- Afleweringskoste
 - Advertensies
- (6)

INLIGTING

- A.** Op 31 Julie 2021 het jy die begrote en werklike syfers met mekaar vergelyk en die volgende gevind:

	JULIE2021	
	BEGROTE	WERKLIKE
Verkope	R216 000	R168 000
Koste van Verkope	144 000	120 000
Bruto wins	72 000	48 000
Advertensies	36 000	46 000
Afleweringskoste	21 600	25 200

B. Verkope, koste van verkope en debiteure-invorderings

(i) Werklike en begrote verkope en koste van verkope:

	VERKOPE		KOSTE VAN VERKOPE	
	R		R	
	BEGROTE	WERKLIKE	BEGROTE	WERKLIKE
Mei	210 000	156 000	140 000	104 000
Junie	246 000	178 200	164 000	118 800
Julie	216 000		144 000	
Augustus	168 000			

(ii) 60% van die totale verkope is vir kontant.

(iii) Kredietverkope word as volg ingevorder:

- 20% ingevorder in die maand van verkope
- 70% ingevorder in die maand wat volg op die verkope
- 5% ingevorder in die tweede maand wat volg op die verkope
- Die balans sal in die derde maand wat volg op die verkope afgeskryf word.

C. Afleweringskoste

- Alle verkoopte goedere word gratis by die kliënte afgelewer.
- Afleweringskoste word teen 10% van verkope begroot.

D. Voorraad vlakke en betalings aan krediteure

- Die onderneming handhaaf 'n winsopslag van 50% op kosprys.
- Die onderneming handhaaf vaste voorraadvlakke deur voorraad maandeliks te vervang.
- 75% van totale verkope is op krediet.
- Krediteure word in die maand wat volg op die aankoopdatum betaal om voordeel te trek uit 'n 5% korting.

E. Salarisse

- Die werkers sal 'n verhoging van 3, 5% in Augustus 2021 ontvang.
- Die bestuurder sal 'n 10% verhoging in Augustus 2021 ontvang.
- Die inflasiekoers is 6%

F. Versekering

- Die versekeringspremie word aan die einde van elke maand betaal.
- Die maandelikse paalement sal op 1 Augustus 2021 met 10% verhoog.

G. Phakiso verwag om in Augustus, R500 000 van sy oorlede oom se boedel te erf. Aan die einde van Augustus sal 75% in 'n vaste deposito belê word, en die res sal teen die lening afbetaal word.

H. Rente op lening teen 11% p.j. is maandeliks betaalbaar. Die saldo op die lening soos op 1 Julie 202, beloop R300 000.

I. Die eienaar van die onderneming sal sy kontant onttrekkings in Augustus met R800 verhoog en hy sal voorraad met 'n kosprys van R750, onttrek.

- J. Telefoon uitgawes sal na verwagting met R700 verhoog.
- K. Diverse uitgawes sal konstant oor die begrotings tydperk bly.

L. Besonderhede tov. die aflewerings uitgawes en nuwe voertuig

Phakiso dink dat hy sy kontantvloei sal verbeter indien hy eerder 'n nuwe afleweringsvoertuig op 1 Julie 2021 aankoop as om van Jozi Vervoerders gebruik te maak. Die afleweringskontrak word op 31 Augustus 2021 beëindig.

Phakiso sal 'n deposito van R50 000 uit die onderneming se bankrekening in Julie moet betaal. Sy pa het ingestem om rente vrye finansiering vir die res van die kostes te voorsien. Phakiso sal maandeliks R12 500 oor 48 maande moet terugbetaal. Die eerste paalement sal aan die einde van Augustus betaal moet word.

M. Uittreksel van die Kontantbegroting vir die twee maande geëindig 31 Augustus 2021

Ontvangstes	JULIE	AUGUSTUS
Kontantverkope van handelsvoorraad	129 600	?
Invorderings van debiteure	?	?
Huurinkomste	15 000	16 500
Kommissie inkomste	?	?
Totale ontvangstes	?	?
Betalings		
Kontantaankope van handelsvoorraad	36 000	?
Betaling van krediteure	?	102 600
Salaris: Bestuurder	36 000	39 600
Salaris: Ses werkers	66 000	?
Telefoon	?	7 500
Advertesies	36 000	24 000
Versekering	?	5 500
Afleweringskoste (betaalbaar aan Jozi Vervoerders)	21 600	?
Diverse uitgawes	6 000	?
Onttrekkings	50 000	?
Lening	?	?
Rente op lening	2 750	2 695
Totale Betalings	?	?
Kontant surplus/tekort	?	?
Bank saldo aan die begin van die maand	(20 400)	?
Bank saldo aan die einde van die maand	?	?

VRAAG 3: VOORRAADSTELSELS**(13 punte; 12 minute)****MKHWANAZI HANDELAARS**

Onderstaande inligting is verkry uit die rekeningkundige rekords van Mkhwanazi Handelaars. Vir die afgelope paar jaar, handhaaf die eienaar 'n gemiddelde wins persentasie van 40% op kosprys. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2021. Die onderneming maak gebruik van die periodieke voorraadstelsel.

OPDRAG

- 3.1 Bereken die koste van verkope (8)
- 3.2 Bereken die bruto wins (4)
- 3.3 Verskaf **EEN** rede vir die afname in die winsopslag persentasie. (1)

INLIGTING**A Saldo's/Totale aan die einde van Februarie:**

	2021	2020
Handelsvoorraad	313 200	394 200
Aankope	2 127 800	
Vraggeld op aankope	87 700	
Verkope	3 038 500	

- B. Die handelsvoorraad beloop R313 200 na 'n fisiese voorraadopname.
- C. **Die volgende transaksies is nog nie aangeteken nie en moet in berekening gebring word:**
- Handelsvoorraad op krediet aangekoop van Mongezi Handelaars, R 62 000.
 - Goedere met 'n kosprys van R 19 400 is teen R 20 500 verkoop.
 - Handelsvoorraad met 'n kosprys van R 4 200 en verkoopprijs van R 6 720 is deur die eienaar vir sy privaat gebruik geneem

D.

Finansiële aanwysers	2021	2020
Wins persentasie	28%	40%

13**TOTALE PUNTE: 100**